Geagte Lid,

1. **<u>Bonus 2022/2023</u>:**

Soos gemeld in die jaarverslag, is 'n bonus van 4,042 % vanjaar aan lede op hul aankope, korttermynversekering- en mediese “Gap Cover-” premies verklaar, waarvan 'n kontantbonus van 3,80 % teen hul November 2023 rekeninge gekrediteer word.

Die balans word tot u krediet na die Ledebelangefonds oorgeplaas en hierdie bedrag word vir rekorddoeleindes op u November 2023 rekening aangetoon.

Baie dankie aan al die lede vir hul lojaliteit en ondersteuning, wat grootliks in moeilike ekonomiese tye, vir Pretorium Trust se sukses verantwoordelik is. Ons vertrou dat die bonus vir ieder en elk 'n handige meevaller is, veral so kort voor die feesseisoen.

2. **<u>Pretorium Trust – 85 jaar</u>:**

Pretorium Trust vier vanjaar sy 85ste bestaansjaar en dit is 'n gebeurtenis waarop almal opreg trots kan wees.

Na vyf-en-tagtig jaar bied Pretorium Trust steeds uitsonderlike diens aan sy lede en gedagtig aan die veranderinge wat oor hierdie lang tyd op finansiële, ekonomiese en ook politieke terreine plaasgevind het, is dit 'n merkwaardige prestasie.

Vandag is dit nie net banke nie, maar ook mediese fondse, lewensversekeraars, winkels en ander finansiële instellings wat aanloklike lojaliteitsprogramme aan die publiek bied. Volgens ons navorsing is ons jaarlikse bonusuitbetaling aan lede steeds een van die mees voordelige opsies wat in die mark beskikbaar is.

Lede word vriendelik versoek om hierdie voordele wat lidmaatskap bied onder die aandag van vriende, familie en kollegas te bring en hulle te oortuig om as lede aan te sluit. Lede se betrokkenheid in hierdie verband sal beslis verseker dat Pretorium Trust, oor die volgende 85 jaar van krag tot krag sal gaan en aanhou om tot die finansiële welvaart van lede by te dra.

Pretorium Trust




**Ingersolweg 40**
**Lynnwood Glen 0081**
**Posbus 35797**
**Menlo Park 0102**
**Tel: (012) 361 5526**
**E-pos: pretorium@pretorium.co.za**
**Web: www.bonuscard.co.za**

**AS MOTIVERING, WORD WERWINGSKOMMISSIE VAN R250 VIR ELKE NUWE LID GEWERF BETAAL.**
**U STAAN OOK 'N KANS OM R10 000 KONTANT TE WEN IN ONS WERWINGSKOMPETISIE WAT 31 JANUARIE 2024 SLUIT. (Termes en voorwaardes geld)**

**3. Openingsdatum van rekeninge: Desember 2023:**

Ons was weer deur 'n groot kettingwinkel genader om, met die Kersseisoen in gedagte, die openingsdatum vir rekeninge vanjaar vanaf 16 Desember 2023 na Woensdag, 13 Desember 2023, te vervroeg.

Ons vertrou dat hierdie reëling ook vir u as lid tot voordeel sal strek.

**4. Ander dienste:**

**I. Korttermynversekering:**

Word deel van ons korttermynversekeringskema onderskryf deur Santam en Hollard vir persoonlike- en kommersiëlepolisse. Geen makelaarsfooi word gehef nie, slegs R28 maandelikse polisfooi op persoonlike polisse en R30 op kommersiële polisse en u verdien BONUS op u maandelikse premies, ongeag enige eise.

**II. Finansiering en Persoonlike Lenings:**

Finansiering op motors en luukse gebruiksartikels word aangebied teen mededingende, vaste rentekoerse met geen aanvangsfooi of maandelikse administrasiefooie.

Persoonlike lenings is ook beskikbaar. ( Kontak die kantoor vir meer inligting )

**III. Gap Cover:**

Mediese “Gap Cover”, onderskryf deur Stratum Benefits word aan lede gebied en u verdien ook BONUS op hierdie maandelikse premies.

**IV. Begrafnispolisse en Testamente:**

Beskerm u familie met begrafnispolisse onderskryf deur Assupol en Grobbelaars.
Ons bied ook gratis bystand met die opstel van u testament.

**5. Aankope: Desember 2023:**

Met die Kersvakansie voor die deur herinner ons graag die lede wat eersdaags met vakansie vertrek om hul aankoopkaarte saam te neem, aangesien hulle landswyd by ons gekontrakteerde Nasionale Kettingwinkels aankope kan doen!

Ons bedank u graag vir u getroue ondersteuning gedurende die afgelope jaar en wens u en u gesin 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar toe.

Vriendelike groete
Mev M J Jordaan
**HOOF UITVOERENDE BEAMPTE**

Pretorium Trust (Kooperatief) Beperk is ‘n gemagtigde finansiele diensteverskaffer (lisensienr 2753) en geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP228)